**21 Julie**

**Skrifgedeelte: Matteus 6:10a (lees ook Luk. 23:33-49) (1933/53 vertaling)**
**Fokusgedeelte: Matteus 6:10a; Lukas 23:38, 42; HK Sondag 48**

## Die tweede bede: *Laat u koninkryk kom*

hierdie tweede bede van die Onse Vader bely ons die koningskap van God. Soos al die ander bedes, het ons hierdie bede ook so intens nodig. Die mens bou graag sy/haar eie koninkrykie. Ons Kategismus leer ons dat hierdie bede ons by God se koninkryk teenoor die koninkryke van hierdie wêreld bring.

Ons oë word van onsself weggedraai, ons eie koninkrykies word opsygeskuif, ons word voor die koninkryk van God gebring. Ons koninkryke word deur sport, mag, geld, sekuriteit, valse godsdienste, hoogmoedigheid, drank en so baie meer oorheers. Alles dinge wat ons van God se koninkryk laat wegdraai. Die tweede bede leer ons egter om deur Christus na God se koninkryk te soek.

Hy is die Koning, ’n anderse Koning. Nie die koning wat die Jode verwag het nie. Nie die koning waarmee tydens die kruisiging gespot is nie. Nee, Hy is die koning van sy Koninkryk. Die misdadiger langs Jesus het in sy woorde aan die kruis dit bely: *Dink aan my Here, wanneer U in u koninkryk kom.* Hy het die Koning van die koninkryk bely.

Ons kan alleen die tweede bede bid as ons die koningskap van Jesus Christus bely. Ons bid hier dat Christus se koningskap elke stukkie terrein van ons menswees sal oorheers. Daar mag geen enkele terrein van my bestaan wees waar ek sy koningskap nie voorop stel nie. Nie in my werksplek, gesin, vriendekring of kerk nie. Ons bid in die tweede bede dat hierdie koningskap van Christus ook in die kerk sigbaar sal wees.

Verder bid ons dat die Here in sy koningskap sy kerk sal bewaar en sal laat groei. Dat Hy Satan en sy werkinge van ons sal wegweer en ons as Koning teen die aanslae van Satan sal bewaar. Christus het Satan verslaan, daarom so mooi, Hy sal in sy wederkoms na ons uitreik, Hy sal weer kom en in sy koningskap hierdie wêreld totaal nuut maak.

Die koninkryk van God is natuurlik nou al hier, maar sal in volle glorie eers hier wees ná die eindoordeel. Daarom, totdat dit gebeur, bid ons dat God se koninkryk in Christenland en in heidendom sal kom.

*Sing: Psalm 45:1; 10 (1936)*

*Ds. JG (Hannes) Noëth (Kimberley)*